waarheid & dwaling

MAANDBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS - JAARGANG 5, NO 9, SEPT. 1999

*1 Joh 4:6*
"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

INHOUD

1 **Redaksioneel**
*Bly in wat jy geleer het*
2 **Skrifoordenking**
*Geloofsbeproewing*
Ds GJ Meijer
3 **Op die kerkerf**
*Aantasting van Skrifgesag - bewerings of feite?*
Dr JG Meijer
7 **Aktueel**
*Die kategete: Wie?*
CJ Ketel
10 **Mediese etiek**
*Enkele gedagtes oor oorplanting*
Dr JM Boon
11 **Persskou**
• *Oop gesprek gevra*
• *Oop gesprek aangemoedig*
• *Geloofsvervolging*
Ds GJ Meijer

**REDAKSIONEEL**

# Bly in wat jy geleer het

Paulus skryf vanuit die gevangenis sy laaste brief. Hy rig sy testament, geïnspireer deur die Heilige Gees, aan sy leerling, die jong predikant Timoteus. Ons oordink in die laaste maande van die jaar 1999 enkele sinsnedes uit 2 Timoteus 3. Tot onderrig, bemoediging en volharding in die geloof in 'n wêreld wat koorsagtig na verandering jaag.

Die wêreldwye roep om verandering is lewe-omvattend, van rekenaar-aanpassing tot wêreldpolitiek. Oorloë wat die aarde en sy bevolking gaandeweg harder geteister het, sal tot die verlede behoort. Die tyd van wêreldwye vrede breek aan. Die loop van die sterre voorspel: 'n *New Age* is op koms. Godsdiens? Dit het net ellende teweeggebring. Die jaar 2000 kondig die nuwe eeu, die nuwe millennium aan. Dit sal nie meer 'n *annus Domini*, 'n jaar van die Here wees, nie. Nee, met die nuwe jaar breek die duisend-jarige ryk van die mens aan. Uit die mens, deur die mens en tot die mens is alle dinge ...

Veel van die veranderings wat beoog word, bring geen verbetering nie, maar werp die bestaande orde en wette rewolusionêr omver. Godsdiens word op een voorwaarde verdra: Die moderne rewolusie mag op geen manier weerstaan word nie. Wie nie aanpas nie, word met likwidasie bedreig.

Beleef ons in die eeu- en millennium-wisseling iets nuuts? Nee, die jong dominee Timoteus word reeds met dieselfde gees van rewolusie gekonfronteer. Afbraak van die tradisie word selfs in die kerk van sy dae gepropageer. Lidmate wat met die verlede breek, vertoon 'n gedaante van godsaligheid (vers 5). Hulle woorde klink godvresend. Maar agter die vroom klinkende taal gaan liefhebbers van hulleself skuil (vers 2), meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God (vers 4). Hierdie verleiers (vers 13) sê: Uit God, deur God en tot God is alle dinge. Hulle wandel getuig: Uit die mens, deur die mens en tot die mens is alle dinge. Hulle het geen liefde vir God se gebod nie, maar pas die Woord by die sondige hartstogte aan.

Die jong predikant ontvang 'n bevel. Die letterlike vertaling van vers 14 uit die grondteks lui: Maar jy - bly in wat jy geleer het. 'Jy' staan met nadruk voorop. Timoteus, laat jou nie deur die verleiers in die kerk mislei nie. Bly net in wat jy geleer het. Laat jou geloof-sekerheid nie ondermyn nie. Jy ken tog die mense van wie jy onderrig ontvang het?

Timoteus word groot in 'n vervalle kerklike lewe. Die Joodse voorgangers vervang die evangelie van die genadige God met die mens wat sy 'saligheid' deur goeie werke moet verdien. Tog leer Timoteus van kleins af die heilige Skrifte ken (vers 15), in sy ouerhuis. In grootmoeder Loïs en moeder Eunice woon die ongeveinsde geloof (1:5). Hulle onderrig hom - in teenstelling met die leermeesters in die sinagoge - van kindsbeen af in die leer van verlossing en vernuwing wat die Here in die Ou Testament openbaar. Ouma en ma lees nie die komende Messias uit die Ou Testament weg nie. Timoteus leer van jongs af die saligheid deur die geloof in Christus Jesus ken (vers 15).

Die huis-onderrig in die Skrif laat die jong kind wat dit gelowig aanvaar, tot 'n wyse man (vers 15) uitgroei. Die ou woorde van God rig sy lewe, die praktyk van elke dag. Ja, die Ou Testament is in Timoteus se tyd al 'n ou geskrif. Die laaste profeet het omtrent vier eeue gelede opgetree. Die tyd-afstand tussen Maleagi en Timoteus is ongeveer net so groot as tussen Jan van Riebeeck en ons dae. Timoteus se ma en ouma leer nie 'Die ou Bybel is tydgebonde' nie. Timoteus ontvang uit die ou gebooie praktiese insig in die vernuwende werk van die Heilige Gees. Paulus kan in die opleiding van die jongman tot predikant net so aansluit by die skoling wat Timoteus van jongs af tuis gekry het.

Die Here spreek in sy Woord sy volk vir alle tye en lande regstreeks aan. God gee aan sy kerk 'n Woord wat nooit verouder nie. Die geïnspireerde Skrif het vandag nog die krag om wys te maak. Die Bybel is nuttig is tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid (vers 16).

- Tot lering: Die gelowige hoorder ontvang onderrig in God se klaskamer, onderrig oor sy roemryke dade en sy wet. Die onderrig maak bly, dankbaar en dring tot die lofsang van Psalm 48 dat hierdie God onse God is, vir ewig en altyd. Hy sal ons lei tot die dood toe.
- Tot weerlegging: Die Here wat liefde vir Hom en sy gebooie bewerk, maak ons afkerig van dwaling en kettery. Afdwaling in leer en lewe word gelowig weerstaan en in Christus se kerk nie verdra nie.
- Tot teregwysing: Skeef gegroeide insig en gedrag wat nie met die Woord ooreenstem nie, word deur gelowige aanvaarding van die onderrig in die Skrif deur die krag van die Heilige Gees verander. Alle verandering wat reformasie van die kerk en die christelike lewe teweegbring, word verwelkom.
- Tot onderwysing in die geregtigheid: Die Here oefen die gelowige, aandagtige Skrifleser in 'n

lewenswandel wat steeds meer deur sy Woord beheers word.

Bly in wat jy geleer het. Laat jou nie in die wêreldwye koorsagtige jag na verandering meesleep nie. Bly in die leer van die Skrif wat wys maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus. Hierdie altyd aktueel blywende gebod gaan uit na

- ons vaders en moeders by die opvoeding van God se kinders,
- ons dominees en ouderlinge by die uitoefening van hulle amp op die preekstoel, in die gesinne en in die katkisasieklas,,
- ons professore by die opleiding van ons predikante en
- ons almal by die uitoefening van die amp van gelowige in ons gesprekke, Skrifstudie en omgang met ons medemense.

Die doel met die onderrig in die Skrif? God die Here maak sy volk deur Skriflesing, -verkondiging en -oorpeinsing volkome. Die mens van God word vir sy profetiese, priesterlike en koninklike take toegerus (vers 17), opgewasse vir die eise wat die hemelse Vader stel. Die Woord kweek eerbied, ontsag, liefde vir die Spreker. Dit lei, rig die lewe koersvas. Tot eer van God en tot behoud van almal wat in Hom glo, ook DV in die 21ste eeu.

---

Skrifoordenking

# Geloofsbeproewing

Ds GJ Meijer
Wonderboompoort

**Hebreërs 11:17, 18**

***Deur die geloof het Abraham, toe hy op die proef gestel is, Isak geoffer; ja, hy wat die beloftes ontvang het, het sy eniggeborene geoffer, aan wie gesê is: In Isak sal jou nageslag genoem word.***

In die huis van Abraham en Sara was die vreugde groot toe hulle seun Isak gebore is. Isak beteken "gelag" (Genesis 17:19). Dié gelag is nie meer die ongelowige spotlag van die verlede, waarmee Abraham en Sara aanvanklik na die Here se beloftes geluister het nie. Hierdie lag is 'n uitbundige jubeling omdat die Here gesorg het dat die onvrugbare geboorte geskenk het (Jesaja 54:1, Galasiërs 4:27). Na alles wat Abraham en Sara die afgelope jare deurgemaak het, is die blydskap soet.

Maar dan verskyn die HERE enkele jare later weer aan Abraham. 'n Nuwe opdrag word gegee: Abraham, neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet, Isak. Gaan na die land Moria en offer hom daar as brandoffer op een van die berge wat Ek jou sal wys. Staan Isak aan My af. Gee hom vir My terug.

'n Onbegryplike opdrag. Dit is nog moontlik om op 75-jarige leeftyd in gehoorsaamheid alles agter te laat wat vir jou bekend en dierbaar is en na 'n onbekende bestemming toe te trek. Dit is ook nog moontlik om in die land van belofte as vreemdeling en bywoner te gaan vertoef. Dit word al moeilik om te glo dat 'n mens op 99-jarige leeftyd nog 'n kind van die Here gaan ontvang, te meer as jou vrou haar lewe lank onvrugbaar was. Dit is wonderlik om uiteindelik tóg 'n kind van die Here te ontvang. Maar hoe is dit menslik moontlik om dié kind, die enigste een, die een wat jy met jou hele wese liefhet, aan die dood af te staan? En wátter dood? Die kind word nie deur siekte of 'n ongeluk van jou af weggevat nie. Jy moet die kind self doodmaak. Inderdaad, menslik gesproke is dit 'n onbegryplike opdrag. Hoe kan 'n ouer so-iets doen?

Die onbegryplike opdrag word nog moeiliker as ons in ag neem wat die Hebreërskrywer in verband daarmee opmerk. Isak is nie net Abraham se enigste kind nie. Hy is die kind van die belofte. Die Here het vir Abraham belowe: "in Isak sal jou nageslag genoem word". Uit Isak is daar redding - nie net vir Abraham nie, maar ook vir Sara, vir alle mense op aarde. Uit Isak gaan die Verlosser, Jesus Christus die Here, gebore word. En nou eis die Here dat Abraham juis daardie kind moet offer. Hoe kán dit? Wat van die Here se beloftes? As Isak dood is, hoe gaan die Here Jesus gebore word? Hoe gaan daar redding van sonde kom?

Hierdie opdrag krap alles deurmekaar wat mooi agtermekaar in plek begin val het. As hierdie opdrag uitgevoer word, maak niks meer sin nie. Inteendeel, die sinloosheid gaan groter wees as ooit tevore.

Hoekom doen die Here dit? Wat wil Hy hiermee bereik? Ons vind die antwoord op hierdie vraag sowel in Hebreërs 11 as in Genesis 22. Die Here stel Abraham op die proef. Die Here wil sien of Abraham onder alle omstandighede onvoorwaardelik aan Hom gaan bly vashou. Die volharding in die geloof word getoets, grondig getoets. Wat gaan Abraham doen as die meeste, dit wat die naaste aan hom lê, van hom gevra word?

Oor sulke beproewing kan 'n mens talle vrae stel. Is die Here dan nie alwetend nie? Kan Hy in sy alwetenheid nie die krag van sy kinders se geloof deurgrond nie? Is dit vir Hom dan nog nodig om sy kinders op die proef te stel - en dan boonop op so 'n manier? En verder: staan daar nie geskrywe dat God nooit iemand versoek nie en deur niemand versoek kan word nie (Jakobus 1:13)? Hoe rym dit met dit wat die Here van Abraham verwag?

Hoe rym dit met die beproewings wat die Hebreër-gemeente moet deurmaak - die geloofsvervolging, die finansiële druk wat daarmee gepaard gaan, die ellendes wat jy moet verduur omdat jy Christus van harte liefhet? En wat van óns beproewings? Dit lyk soms asof daar geen einde kom aan alles wat skeefloop nie. Die een ding na die ander tref 'n mens. Jy word gesif en nogmaals gesif. Dit wil selfs voorkom asof gelowiges dikwels baie swaarder kry as ongelowiges (Psalm 73:4).

Vrae, raaiselagtige vrae, ingewikkelde vrae, moeilike vrae. Vrae waarop ons antwoorde soek. In geloof antwoorde soek. Ons weet dat ons geen antwoorde kry vir alle hoekoms en waaroms nie. Die Pottebakker is geen antwoord aan die klei verskuldig nie (Romeine 9:20). Maar dit neem nie weg dat ons perspektief in ons geloofslewe nodig het nie. Ons mag die Here tog vir helderheid van verstand en insig vra as Hy ons beproef?

*Redaksie:*
Ds ALA Buys
Ds GJ Meijer
Dr JG Meijer
*Eindredaksie:*
Dr JG Meijer
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 329-1465
E-pos: jgmeijer@iafrica.com
*Medewerkers:*
Prof JC Coetzee
Prof L Floor
Prof GJC Jordaan
Dr JM Boon
*Administrasie-adres:*
Veritas
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 335-9134
(Mev Hanneke Das)
*Intekengeld:*
R 60 per jaar
*Taalkundige versorging:*
Mev Rita Botha
*Tegniese versorging:*
Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031
E-pos: printbur@smartnet.co.za

Die helderheid kry ons as ons luister wat die Here self oor die beproewing van sy kinders sê. Want wat doen die Here as Hy sy kinders toets? Dryf Hy ons tot die uiterste om te kyk wanneer ons breek? Sal 'n vader dit aan sy kind doen? Tog nie. Dit is duiwels, dit is nie wat die hemelse Vader met ons doen nie. Die Here beproef ons nie bo ons vermoë nie. Hy laat ook nie toe dat ons bo ons kragte versoek word nie (1 Korintiërs 10:13). Deur beproewing dryf die Vader ons nie van Hom af weg nie, maar trek Hy ons met mag nader. En die belangrikste van beproewing: die Vader is met sy eie werk in sy kind besig. Abraham se geloof is nie iets wat Abraham aan homself te danke het nie. Die Here werk dit in hom en versterk dit in hom. Die oomblik as Abraham se geloof dus op die proef gestel word, is die Here besig om die geloof in Abraham te laat groei. Die Here werk deur beproewing lydsaamheid, volharding, groei in geloofsvertroue en geloofskrag. Dan breek die Here nie af nie, maar Hy bou op. Hy vernietig nie sy kind nie, maar skuur en skaaf en vorm - op 'n manier wat ons verstand ver te bowe gaan. Wie kan die Here ten volle hierin volg?

Die implikasie hiervan vir al God se kinders is ingrypend. Menslik neig 'n mens om teen beproewing vas te kyk. Veral as die een slag na die ander jou tref word die hoekom-vrae baie. Alles raak deurmekaar, niks maak meer sin nie. In sulke omstandighede is dit wesenlik om in geloof raak te sien waarmee die Here in jou lewe besig is. Dan mag en moet ons in geloof bely: die Here laat die werke wat Hy in die lewe van sy kinders doen, nie vaar nie. Inteendeel, Hy gaan daarmee voort. Hy loop die pad saam met ons. Dit is vir ons om deur die krag van sy Gees die pad saam met Hom te loop.

*Hoop, Isr'el, in jou klagte;*
*vertrou, o volk, wat treur;*
*sy guns verduur die nagte,*
*sy heil breek eind'lik deur.*
*Dan skyn 'n soete vrede:*
*gans Israel word vry*
*van ongeregtighede.*
*HEER, doen ook so aan my!*

Psalm 130:4 (berymd)

---

## Op die kerkerf

# AANTASTING VAN SKRIFGESAG - BEWERINGS OF FEITE?

**Dr JG Meijer**
Pretoria

***Ons aanvaar die hele Skrif "as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig ... Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe word, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie - ja, al was dit ook 'n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê (Gal 1:8)". Hierdie woorde uit artikels 5 en 7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis vestig die aandag op die normatiewe Skrif, op die Woord as rigsnoer vir die hele lewe. Word die belydenis van die gesag van die normatiewe Skrif in die GKSA aangetas?***

Skrifgesag moet eerbiedig word. Die Spreker, die goddelike Outeur, roep sy volk tot 'n heilige ontsag vir sy openbaring. Dié roeping behels aandagtige luister na God se stem en gehoorsame en blymoedige uitvoering van sy gebooie. Iemand stel 'n vraag: Is die Bybel nie tydgerig nie? Bind die Here ons aan eeue-ou verordeninge? Antwoord: Die Skrif is inderdaad omtrent tweeduisend jaar gelede afgesluit. Die Bybel het ook in 'n ander as ons kulturele omgewing tot stand gekom.

Die tyd- en kulturele afstand tussen die eerste en die hedendaagse Bybelleser gee ons egter nie die reg om self uit te maak watter gebooie vandag nog wel of nie onderhou moet word nie. God gee sy Boek nooit aan die willekeur van sondige mense prys nie. Hy bepaal self - in die Skrif - watter voorskrifte wel en nie vir die kerk van alle tye en lande geld nie.[1] Sy Woord verouder nie. Die Bybel is en bly in alle periodes van die geskiedenis en vir alle volke in hulle verskeidenheid verrassend aktueel.

'n Treffende voorbeeld van eiewillige omgang met God se gebod is die geskiedenis wat in 1 Samuel 15 beskryf is. Die Here gee by monde van Samuel aan koning Saul die opdrag om Amalek met die banvloek te tref. Saul roep die manskappe op, monster sy weermag, trek op, verslaan Amalek, en wis die bevolking uit ... met uitsondering van Amalek se koning. Hy spaar Agag se lewe, asook die beste van die vee. Hy voer die goddelike gebod nie volledig uit nie. Hy wys die vermaan van Samuel af met die woorde: 'Ek het na die stem van die HERE geluister' (vers 20). Saul dink: Ek het gehoorsaam my plig gedoen. Maar God kwalifiseer die hele onderneming as wederstrewigheid en eiesinnigheid. Omdat Saul die Woord van die HERE verwerp het, verwerp God hom as koning (vers 23).

Hierdie geskiedenis bevat 'n ernstige waarskuwing vir God se volk in alle eeue. Die eiesinnige mens sê: Ek aanvaar die gesag van die Woord. Maar as puntjie by paaltjie kom, voer hy nie die geopenbaarde wil van God uit nie. Sy eie wil is sy wet. Die mens wat God se gebod by sy omstandighede aanpas, stel homself in die plek van die Here. Eiesinnigheid is afgodery (vers 23). Die verharding in die eiesinnige sonde van koning Jerobeam wat Israel laat sondig het, het die oorsaak van die volk se ballingskap geword[2]...

### Verskille of geskille in die GKSA?

Word die gesag van die Skrif in Die Gereformeerde Kerke aangetas? Prof. JM Vorster en dr CJ Smit antwoord: Nee. Volgens hulle bestaan daar wel verskille in ons midde. Dit gaan egter nie oor die *gesag* nie, maar oor die *interpretasie* van die Woord. Daar word wel beweer dat Skrifgesag in die GKSA aangetas word. Maar die bewys van hierdie aantyging ontbreek.[3]

Verskille moet ons in die kerk verdra. Wanneer egter strydigheid met die Bybel aangetoon word, het ons nie 'n verskil nie, maar 'n geskil, 'n twisgeding. Omdat prof. Vorster en dr Smit volgens my oortuiging 'n geskil tot verskille devalueer, het ek my verplig gevoel om op hulle artikels oor die verskille in die GKSA te reageer. In my reaksie het ek ses feite vermeld en die vinger op die aantasting van Skrifgesag gelê. Vier van die feite was reeds in publikasies aangespreek. Daarom mog ek volstaan

1 Vgl. NGB, art. 25.
2 2 Kon 17:22-23.
3 JM Vorster. Twee strome in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. *Die Kerkblad*, 29 April 1998:6-8. CJ Smit. Twee strominge? Kyk verder. *Die Kerkblad*, 27 Mei 1998:12-13.

met 'n kort weergawe daarvan en met verwysing na die publikasies. Die vyfde feit (feit 4 in my reaksie) is slegs kortliks meegedeel. Aan die laaste feit is dié aandag gegee wat dit verdien.[4]

Dr Smit publiseer onmiddellik, nog in dieselfde uitgawe van *Die Kerkblad*, sy weerwoord op my reaksie.[5] Hy sê: Die feite wat Meijer opsom, is in werklikheid 'bewerings' of 'mededelings'. Aan die eerste feit is in laas maand se uitgawe van *Waarheid en dwaling* aandag geskenk: die loëning van die goddelike Skrif in ons gereformeerde teologiese tydskrif sonder onmiddellike kommentaar van die redaksie. Feite twee tot ses word deur dr Smit in slegs agt reëls 'weerlê'. Argumente wat ek aangevoer het, kom nie ter sprake nie. Hy vee hulle van sy tafel weg.

Die saak is te ernstig om dit daar te laat. Wat verdeel ons nou eintlik? Het ons onderlinge verskille of geskille in die kerke? Dr Smit wat kennelik nie van die publikasies hieroor kennis geneem het nie, noodsaak my om breedvoeriger op sake in te gaan. Dit gebeur onder die volgende drie vet gedrukte opskrifte. Die eerste deel gaan oor gelewerde bewyse van aantasting van die Skrifgesag. Ek voeg nog 'n feit by die reeds vermelde feite. Deel twee handel oor die reaksie op publikasies oor ondermyning van Skrifgesag en deel drie oor voortgaande aantasting van Skrifgesag in ons midde.

## Bewyse van aantasting van Skrifgesag

### *Waarskuwing in die sinode van 1994 (bewys 1)*

Klassis Boland lê via die suidelike partikuliere sinode 'n beswaarskrif aan die nasionale sinode van 1994 voor. Die beswaarskrif bestaan uit twee dele. Deel een handel oor hermeneutiese uitgangspunte. Dit gaan oor die vraag: Hoe moet die Skrif in ons tyd vertolk word? In deel twee word die vertolkings-uitgangspunte van deel een op die kerklike posisie van die vrou toegespits en word toelaatbaarheid van vroue tot die besondere ampte bepleit. Die bespreking in die sinode gaan veral oor die uitgangspunte in deel een van die beswaarskrif en word gekenmerk deur broederlike waarskuwing. Spreektyd in ons nasionale sinodes is beklemmend kort. Vandaar die kort en gedronge vermanende waarskuwing.

Die inhoud van die waarskuwing? Duidelike gebooie van die Here word in die beswaarskrif nie as rigsnoer vir ons lewe aanvaar nie, maar as riglyne voorgestel. Die devaluasie van gebooie van die Here tot riglyne lei onherroeplik tot eiesinnige verdraaiing van die gebod. Dit is Skrifkritiek. Dié kritiek stop nie by verdraaiing van etiese voorskrifte nie. Daar is op hierdie pad geen stilstand nie. Dit gaan vàn kritiek op wat God *eis* voort ná bevraagteken van *wie Hy is* (van etiek na dogma). Dit eindig by die vermensliking van die Skrif, die loëning van die goddelike outeurskap en van die leer van die Skrif. Die Skrifvertolking wat die broeders voorstaan, laat gereformeerde kerke wêreldwyd gedurende die laaste tientalle jare steeds verder van die skriftuurlike spoor afwyk. Een afgevaardigde het die Skrifvertolking wat in die beswaarskrif voorgedra word, kortweg bestempel as "'n adder aan ons boesem'. Die broeders is ernstig gewaarsku: Keer terug van hierdie heillose hermeneutiese pad.

Dr Smit verwyt my om op hierdie geskil die aandag te vestig. Hy skryf: Hierdie bewys 'gaan oor 'n beswaar wat deur Sinode 1994 in sy geheel afgewys is en dus volgens artikel 46 van die Kerkorde 'n *afgehandelde* saak is'. Hierdie opmerking hou 'n bedekte vermaning in. Dit is tog nie broederlik en liefdevol om op 'n afgehandelde saak terug te kom, ou koeie uit die sloot te haal nie?! Ek sal in die vervolg van hierdie artikel op hierdie 'vermaan' reageer. Maar eerstens dit: Die sinode het volgens dr Smit klassis Boland se hermeneutiek in sy geheel afgewys. Dan was daar dus tog wel sprake van bewese aantasting van Skrifgesag in ons midde. Sy opmerking dat dit deur niemand bewys is nie, is in teenspraak met hierdie sinode-uitspraak soos hy dit interpreteer. Sy bewering dat aantasting van Skrifgesag nie bewys is nie, is in stryd met die bewys wat sinode-lede in hulle vermanende waarskuwing op die kerklike weg gelewer het.

Dr Smit vermeld egter nie hoe die sinode die beswaarskrif afgewys het nie ...

### *Die uitspraak van die sinode*

Die sinode wys die beswaarskrif af na sy besluit: Die sinode neem kennis van deel een sonder om dit vir sy rekening te neem.[6] Redes waarom die sinode nie die hermeneutiese uitgangspunte vir sy rekening neem nie, word nie gegee nie. Sinode-lede se vermanende waarskuwing vind geen weerklank in die besluit nie. Vermaning bly beperk tot die bespreking van die beswaarskrif en is derhalwe nie bindend vir die kerke nie. Die kerke bind hulle immers nie aan besprekings in 'n meerdere vergadering nie, maar aan die besluite.[7]

Weens die nie-vermelding van motiewe in die sinode-besluit ontstaan daar verontrusting by 'n aantal afgevaardigdes. Die sinode wat klassis Boland se gevoel oor Skrifvertolking nie vir sy rekening neem nie, het nie gekom tot 'n skriftuurlik gegronde afwysing daarvan nie. Wat sal die kerke in die ressort van klassis Boland, ja van die hele suidelike partikuliere sinode met die besluit doen? Verontrustes het die besluit wel as vas en bindend aanvaar, maar ... op voorwaarde. Die redes waarom gereformeerde kerke die voorgestelde hermeneutiese uitgangspunte nie kan en mag aanvaar nie, moet asnog verstrek word. Die broeders moet verstaan: Dit gaan nie oor 'n verskil wat ons mag en moet verdra nie. Hier lê 'n geskil, 'n fundamentele kwessie oor die eenheid van die kerke in leer, diens en tug. Ons mag nie daaroor swyg nie, uit liefde vir die broeders en vir die kerke en boweal uit liefde en eerbied vir Hom wat in die Woord tot ons spreek.

### *Broederlike vermaan (bewys twee)*

Na die sinode van 1994 kom 'bekommerde gereformeerdes' dan en wan saam om gedagtes te wissel oor reformasie van die kerke en hoe om dit op die kerklike weg aan die orde te stel. Hulle nooi prof. Jordaan om moderne hermeneutiese beginsels in die lig van die Skrif en die belydenis te toets. Hy lewer 'n insiggewende toespraak. Die resultate van sy gelowig-wetenskaplike ondersoek oor die hermeneutiese kwessie word in twee artikels gepubliseer.[8]

Prof. Jordaan bewys dat klassis Boland se hermeneutiese uitgangspunte strydig is met artikels 2-7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Dit word onder die volgende opskrif verduidelik. Hy sluit sy twee artikels af met die broederlike vermaning: 'Ons Gereformeerde belydenis vra' in die geval van aantasting van die Skrifgesag 'nie toleransie of akkomodasie nie, maar reformasie.'

Haal prof. Jordaan in sy toespraak en publikasies ou koeie uit die sloot? Heropen hy en ander 'n afgehandelde saak? Is dr Smit se vermaning hierbo ter sake? Nee, inteendeel. Prof. Jordaan motiveer die sinode-besluit om nie klassis Boland se hermeneutiek vir sy rekening te neem nie. In sy artikels steek hy sy helpende hand na die broeders uit. En hy roep die kerke om die Skrif te bewaar, sonder om iets daarby te voeg of daarvan weg te neem.[9]

---

[4] JG Meijer. Hou vas wat jy het (1): Skrifgesag. *Die Kerkblad*, 23 September 1998:24-26. Hierdie artikel het ook verskyn in *Waarheid en dwaling*, 4(9), September 1998:7-9.

[5] CJ Smit. Dr Smit antwoord soos volg. *Die Kerkblad*, 23 September 1998:27. Op hierdie bladsy staan die aanhalings uit dr Smit se weerwoord in die vervolg van hierdie artikel.

[6] Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. *Handelinge van die 45ste Nasionale Sinode te Potchefstroom*, 1994, p. 481, besluit onder 3,2.

[7] KO, art. 31.

[8] GJC Jordaan. Grondverskuiwing in die gereformeerde Skrifbeskouing. *Waarheid en dwaling* 1(1), 1994:4-6, en Skrifbeskouing in Die Gereformeerde Kerke. *Waarheid en dwaling* 2(4), 1995:7-9.

[9] Op 22:18-19.

### *Kerklike vermaan (bewys 3)*

Na prof. Jordaan se toespraak en twee artikels volg daar geen reaksie van die broeders uit die Suide nie. Wat beteken hierdie stilte? Aanvaar hulle die broederlike waarskuwing in die sinode en prof. Jordaan se meer breedvoerige uiteensetting? Of gaan hulle voort op hulle ingeslane pad? Wie sal weet? Om die eenheid van die Gees, die eenheid op die fondament te bewaar, besluit ek om hulle op die kerklike weg te nader. Maar hoe? Die hermeneutiese uitgangspunte is in die *Handelinge* van die sinode openlik bekend gestel sonder publikasie van enige skriftuurlike verweer. In hierdie leemte moet voorsien word. Al die kerke wat die *Handelinge* ontvang het, behoort kennis te kan neem van die weerlegging van die hermeneutiek. Ook lidmate moet kan kennis neem. Om die openlike karakter van die kwessie besluit ek om aan die kerke in die ressort van klassis Boland 'n ope brief te stuur.[10]

Die omvang van hierdie brief beslaan veertig bladsye. Die hermeneutiese uitgangspunte wat aan 1994 se sinode voorgelê is, word stuk vir stuk in die lig van die Skrif, die belydenis en met behulp van gereformeerde teologiese werke geweeg. Die uitslag van die weeg-werk volg in tien gevolgtrekkings. Ek haal slegs enkele gedeeltes uit die gevolgtrekkings hieronder aan. Die syfers tussen hakies verwys na die betrokke bladsye van die ope brief.

Waarom is die genoemde hermeneutiese uitgangspunte vir gereformeerde kerke onaanvaarbaar?

- Die boodskap van die Skrif word versmal (5). Die skopus (sentrum) van die Bybel word beperk tot kennis van die weg tot saligheid (6). Ook die helderheid van die Skrif word beperk: die Woord is slegs duidelik oor die weg tot saligheid (13, 15).
- In onmiddellike aansluiting by die versmalling van die Skrif-boodskap word die gesag van die Skrif beperk (5). Dié gesag is beperk in etiese aangeleenthede (9). God se wil oor etiese aangeleenthede is nie in die vorm van onveranderlike en universeel (algemeen) geldende norme in die Skrif geopenbaar nie (20). Gebooie wat nie in die Skrif as tydelike voorskrifte aangemerk word nie, word tot riglyne gedevalueer (27).
- Kontekstuele Bybel-vertolking word voorgestaan. Dit beteken: 'Waarheidsmomente' in moderne filosofieë, menseregte, die sosiale posisie van die vrou in die samelewing moet (let wel: moet) by die hedendaagse toepassing van die Skrif in ag geneem word (30). Die Woord word by ons omstandighede aangepas. Kontekstuele vertolking van die Bybel misken die Goddelike gesag van die Skrif in etiese aangeleenthede (31). Prof. JH van Wyk wys tereg op 'die gevaar dat die evangelie nie *na* die konteks *gebring* word nie maar *uit* die konteks *afgelei* word'.[11]
- Die omgang met die Skrif gee opening vir die moderne interpretasie-teorie (16). Hierdie kwessie sal DV in die Oktober-uitgawe van ons blad aandag ontvang.
- Die hermeneutiese uitgangspunte verwys na slegs twee plekke in die Skrif om aan te toon dat uiteenlopende lewensstyle in die Nuwe Testament reeds verdra word. Dié twee Skrifgedeeltes openbaar inderwaarheid presies die teenoorgestelde. Uiteenlopende gedrag in beginsel-sake word verwerp. Daarom is hierdie beroep op die Skrif onjuis (24, sien ook 21-22).

Kortliks saamgevat misken die genoemde hermeneutiese uitgangspunte die normatiewe karakter van die Skrif. Die Skrif by ons omstandighede aanpas? Die God wat Saul verwerp het, wat Israel weens verharding in die sonde van Jerobeam uit sy land verwyder het, is in alle eeue dieselfde God. Wie - in die woorde van prof. Van Wyk - die evangelie uit die konteks aflei, maak 'n nuwe, 'n vreemde evangelie. God se gebod word verdraai. Mag die Here sy kerke en alle lidmate bewaar teen die kwaad wat Hy self in 1 Samuel 15:23 met twee woorde striemend ontdek en veroordeel: Wederstrewigheid, eiesinnigheid.

Aantasting van Skrifgesag in ons midde ...

## Stilswye

Wat gebeur na die weerlegging van Gerrie Snyman se artikels deur ds WC Vergeer,[12] na die broederlike waarskuwing in die sinode, na prof. Jordaan se broederlike vermaan in die pers en na my vermaan op die kerklike weg? En wat gebeur na die verskyning van 'n artikel waarin ds ALA Buys die inhoud van 'n publikasie van een van ons professore bestry?[13] Ek haal aan wat ek hieroor geskryf het. In die pers en op die kerklike weg volg daar telkens een stereotiepe reaksie. Die mondelinge waarskuwing in die sinode en die inhoud van die publikasies word nie bespreek of weerlê nie. Na die waarskuwing, broederlike en kerklike vermaning volg daar ook geen herroeping van enige betwiste standpunt met betrekking tot die Skrifgesag nie. Nee, net ... stilswye. Hierdie stilswye word nie deur prof. Vorster en dr Smit verbreek nie. Inteendeel, hulle verklaar sonder enige weerlegging van die bogenoemde bewyse van aantasting van die Skrifgesag: Duidelike bewyse ontbreek. Hulle ontken eenvoudig dat die bewyse gelewer is. Hierdie swye kan nie in die lig van die Skrif geregverdig word nie.

Wat wil die Here hê as daar vermaan word dat die gesag van sy Woord aangetas word? Ons moet toets. 'Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is.'[14] 'Verag die profesieë nie. Beproef alle dinge; behou die goeie. Onthou julle van elke vorm van kwaad.'[15] Die Here roep ons nie tot doodswyg van sake nie, maar tot toetsing, tot broederlike en kerklike uitpraat daarvan en - indien nodig - tot liefdevolle vermaning en teregwysing.[16]

Die kwessie van die doodswyg - daaroor swyg dr Smit in sy weerwoord. Hy bly selfs daaraan deelneem deur nie argumente te toets nie, maar hulle van sy tafel te vee. Die doodswyg is 'n dodelike swaard teen die eenheid van die gelowiges. Nie deurpraat nie, maar doodswyg lei tot daadwerklike verbreking van ons eenheid in Christus. Laat ons mekaar oortuig en daarby nie voorgee dat daar geen geskil in ons midde bestaan nie. Doodswyg is ook dodelik omdat dit die kwaad laat voortwoeker in die liggaam van ons Here. Ja, eiesinnigheid woeker voort ...

## Voortgaande aantasting van Skrifgesag

Daar is nog twee feite waaraan aandag geskenk moet word. Ek voeg 'n derde feit daarby om die somber prent van eiesinnigheid in die GKSA so volledig moontlik in die gesigsveld te kry.

### *Aantasting van Skrifgesag in 'n volgende beswaarskrif*

Kerke in die ressort van klassis Boland reageer nie op die ope brief wat op die kerklike weg aan hulle gestuur is nie. Wat doen hulle wel? Hulle rig - weer via die suidelike partikuliere sinode - 'n volgende beswaarskrif aan die sinode van 1997. Die sinode stel studiedeputate aan om die sinode van 2000 te adviseer. Hulle moet ook oor die ontvanklikheid van die beswaarskrif rapporteer.

---

[10] JG Meijer. *U kneg hoor: ope brief aan die Gereformeerde Kerke in die ressort van Klassis Boland.* Pretoria: Printburo, 1995. Hierdie brief is nog beskikbaar en kan by vooruitbetaling van R 10.00 (vanweë stygende versendingskoste sedert 1995) by die administrasie-adres van ons blad bestel word.

[11] JH van Wyk. Die relevansie van die gereformeerde teologie vir vandag. *In die Skriflig* 29(1-2), 1995:260.

[12] Sien my artikel Die Goddelike Skrif in *Waarheid en dwaling* 5(8), Augustus 1999.

[13] ALA Buys. Middelmatige dwalings? *Waarheid en dwaling* 4(2), Februarie 1998:7-8. Na hierdie publikasie het ek in my reaksie op prof. Vorster en dr Smit se artikels kortliks verwys. Dr Smit verklaar in sy weerwoord: Dit 'is 'n mededeling waarmee niks bewys word nie'. Hy vee ook hierdie feit sonder enige toetsing van argumente wat ds Buys aangevoer het, van sy tafel.

[14] 1 Joh 4:1.

[15] 1 Tess 5:20-22.

[16] 2 Tim 3:16.

Wat van die hermeneutiese uitgangspunte in hierdie beswaarskrif? Hier volg enkele aanhalings uit 'n artikel hieroor. Dit het in Junie 1998 verskyn,[17] enkele maande voor die weerwoord van dr Smit.

Die broeders 'maak beswaar dat die "besondere diens" op so 'n wyse van die "amp van die gelowige" onderskei word dat dit wesenlik iets anders word'. Die besondere amp en die amp van gelowige is volgens hulle wesenlik dieselfde. Hierdie stelling lei tot die volgende uitspraak in die beswaarskrif: 'Elke "amp" is bediening van Christus. Enige byvoegsel van "hoër posisie" à la manlike primaat lei tot korrupsie van die inherente dienskarakter van die amp'.

Ek gee hier slegs 'n kort gedeelte van my kommentaar in die artikel van Junie 1998 weer. Die broeders sê tereg dat die amp diens is, diens aan die Hoof van die kerk, bediening van sy versoening. Dit gaan egter in die besinning oor die posisie van die vrou nie slegs oor die *dienende* nie, maar veral oor die *voorgaande* karakter van die amp. Die Here noem sy ampsdraers voorgangers, ouderlinge, opsieners, herders. Die geskil gaan oor die vraag: Mag aan vroulike lidmate die diens van 'n voorgangers-amp toevertrou word? Die amp van voorganger in die Skrif kom in die beswaarskrif selfs nie ter sprake nie. Die saak waaroor dit gaan, bly buite sig.

Wat van die eenheid van die Skrif? Die broeders het dit oor 'die wesenlike verandering wat die nuwe verbond' gebring het. Volgens hulle is daar 'duidelike Skrifgegewens dat die sg. *skeppingsinstelling* van manlike hoofskap in die gemeente van die eskaton (eindtyd) grondig gerelativeer word'. Hulle beskou Galasiërs 3:28 as "n kernuitspraak' oor die veranderde posisie van die vrou in die nuwe bedeling.

Hier volg weer enkele aanhalings uit die veel breedvoeriger kommentaar in my artikel. Die mening dat die nuwe verbond wesenlike verandering bring, is gegrond op die ou en telkens in ander gewaad terugkerende dwaling van 'n mindere of meerdere teenstelling tussen die ou en die nuwe verbond, tussen die Ou en Nuwe Testament. Wesenlike verandering tussen die ou en nuwe verbond of testament beteken dat onse Here 'n god is wat homself weerspreek.

Onse God 'praat nie uit twee monde nie'. Miskenning van die eenheid van die Skrif dryf 'n wig in die een Woord van God en eerbiedig nie die Here se onveranderlikheid en die betroubaarheid van sy Woord nie.

Verskil ons slegs oor die posisie van die vrou in die kerk? Nee, die geskil lê dieper. Uiteenlopende gedagtes oor die posisie van die vrou lê in die verlengde van die beginpunt waar die paaie werklik skei. Die aanvaarding van die *eenheid* van die Skrif en die nie-aanvaarding daarvan is die uitgangspunte waaruit die uiteenlopende Bybel*gebruik* voortkom.

Wat sê dr Smit in sy weerwoord oor hierdie kwessie? Dit gaan hier 'oor 'n beswaar wat na deputate verwys is om die volgende sinode te adviseer en dus 'n aangeleentheid is waarop Meijer voortydig reageer'. Waarom is my reaksie voortydig? Dr Smit motiveer nie sy oordeel nie. Waarop het ek gereageer? Op die inhoud van 'n beswaarskrif wat die laaste sinode openlik bekend gestel het. Die *Handelinge* is aan alle kerkrade gestuur. Wie belangstel, kan die boek aanskaf en kennis neem. Wie openlik publiseer, stel hom aan ewe openlike kritiek bloot. Wie het die reg om 'n gebod uit te vaardig om oor openlike miskenning van die eenheid van die Skrif drie jaar (die tyd tussen twee sinodes) te swyg en sodoende die profetiese bediening van die amp van gelowige na te laat?

Wat die aangewese studiedeputate betref - ek vertrou hulle sal elke inset uit die kerke verwelkom. Skriftuurlike toetsing van die beswaarskrif kan net hulle visie oor die kwessie verskerp. Intussen vee dr Smit weer 'n saak van sy tafel. My bewys van aantasting van Skrifgesag in die artikel van Junie 1998 word as 'bewering', geen 'feite' nie aangemerk. En die onhoudbare stelling word verdedig: Daar word wel beweer dat Skrifgesag in die GKSA aangetas word, maar die bewys ontbreek.

Die werkwoord in die opdrag 'stel die geeste op die proef of hulle uit God is'[18] dui op 'n aksie in die hede, 'n voortdurende werksaamheid. Al die belydende lidmate behoort dit te doen. Die Here spreek sy volk in hierdie teks as 'geliefdes' aan. Hy rig Hom tot elkeen, hoof vir hoof. Niemand mag broederlike en kerklike vermaan oor openlike miskenning van die eenheid van die Skrif drie jaar uitstel nie. Drie jaar uitstel sou beteken: Die kwaad kan sonder skriftuurlike teenspraak voortwoeker. Intussen gebeur dit daadwerklik.

### *Aantasting van Skrifgesag in boek en pers*

Die laaste feit in my reaksie op prof. Vorster en dr Smit se artikels gaan oor 'n publikasie in *Huisgenoot* waarin dr WJ de Klerk 'gesels' oor sy boek *Die vreemde God en sy mense*. In my kritiek daarop is ook gewys op die gelyktydigheid van hierdie publikasie en dr Smit se bewering dat Skrifgesag nie in ons midde aangetas word nie. Dr Smit se reaksie? Weereens een sin. Hy sê: Dit is "n mededeling, waarin twee artikels sonder verband (met watter bedoeling) bymekaar gegooi word'.

Hy vra met watter bedoeling op die gelyktydigheid van sy en dr De Klerk se geskrifte gewys is. Ek het gehoop dat hy heilsaam sou skrik. Terwyl hy skryf: Skrifgesag word in ons midde nie aangetas nie, verklaar sy broeder, oud-predikant en teoloog, openlik: Die Bybel is nie openbaring vàn God nie, maar 'n loergaatjie ná God. Die Skrif is eintlik "n menslike boek van geskrifte wat oor die eeue heen versamel is. Die skrywers vertel van hul geloof en hul verhouding met God. Daarom is die Bybel eintlik 'n versameling geloofsinsigte, getuienisse, ervarings en vertolkings'. Die Skrif word as 'n menslike geskrif voorgestel. Dr De Klerk verloën die belydenis van die goddelike Skrif.[19] Ek hoop dat dr Smit asnog heilsaam skrik en sy oordeel dat Skrifgesag nie in ons midde aangetas word nie, grondig heroorweeg.

Ek wei hier nie verder uit oor dr De Klerk se grondstelling wat talle dwalings oor leer en lewe meebring nie. Dit is verontrustend dat dr Smit in sy weerwoord geen aandag aan hierdie pertinente loëning van die goddelike Skrif en ander dwalings wat daaruit voortvloei, gee nie. Dit is eweseer verontrustend hoe ander gereformeerde voorgangers op dr De Klerk se publikasie reageer. Dr J Visser en ander het hieroor duidelik en profeties geskryf.[20]

De Klerk gaan in sy reaksie op resensies en 'n kerklike aanklag wat by sy kerkraad ingedien is, op geen argument wat sy broeders aanvoer, in nie.[21] Hy sien net soos prof. Vorster en dr Smit twee (of meer) denkstrominge. Hy omskryf dit as 'geslote denke; vasgevang in die tradisionele teologie', teenoor 'uitreikende denke en soeke ... Dis nie net denk- en houdingsverskille nie, maar ook stylverskille. Dis bokslagters teenoor skaapherders'. Hy merk verder op: 'In teenstelling met die slagtery is daar ander statistiek in gereformeerde kringe: meer as 'n dosyn Dopperdominees wat oor die foon die boek aanprys; 'n gemeente wat na drie Sondae se gesprek min of meer tuis voel met die boek; so ook drie Bybelstudiekringe en drie kerkgroepe in drie verskillende gemeentes. Tel daarby ses leeskringe, volgeprop met kerkmense, 'n akademiese groep van die PU vir CHO en 'n lêer vol briewe'.

Dr De Klerk kan sy gevoel kennelik vrylik uitdra, sonder enige kerklike verhindering. Hy vertel dat een kerkraad 'n klag by sy kerkraad ingedien het. Slegs een kerkraad? Wat van die waaksaamheid vir die bewaring van die goddelike Woord in die

[17] JG Meijer. Vroulike ampsdraers in Christus se kerk? *Waarheid en dwaling* 4(5-6), Mei-Junie 1998:13-17. Aanhalings staan op p. 14-15.

[18] 1 Joh 4:1.

[19] NGB, art. 3.

[20] J Visser. Is dit dieselfde boek? *Die Kerkblad*, 16 Desember 1998:20. Sien op dieselfde bladsy die onderskrif van die redaksie: Oor hierdie selfde aangeleentheid is die volgende briewe ontvang. Sien ook GTV Pretoria in gesprek met dr WJ de Klerk in *Die Kerkblad, 2 Junie 1999:16-17.*

[21] WJ de Klerk. Hoera en voertsek: die reaksies op die boek 'Die Vreemde God en sy mense'. *Woord en daad*, Herfs 1999:20-21.

kerkverband? Wat van ons liefde vir die Woord van God? En wat doen sy kerkraad? Vind daar leertug tot behoud plaas, leertug wat dr De Klerk bruut as bokslagtery tipeer? Die ware kerk word tog gekenmerk deur gedrag ooreenkomstig die suiwere Woord van God, sy verwerping van alles (ja, alles) wat daarmee in stryd is en sy erkenning van Jesus Christus as die enigste Hoof?![22]

### *Aantasting van Skrifgesag deur kerkrade*

Kerke kom in hulle akkoord van kerklike samelewing ooreen om hulle daarop toe te lê om die kerkorde te onderhou.[23] Dié ooreenkoms is 'n belofte. Ons belowe om besluite van meerdere vergaderings wat nie met die Skrif en die kerkorde strydig is nie, vir vas en bindend te hou.[24] In die laaste jare groei die getal kerke wat hierdie belofte verbreek. Besluite van sinodes 1927 en 1930 om nie kelkies by nagmaal te gebruik nie, word verontagsaam sonder bewys dat dié besluite strydig is met die Skrif. In ten minste twee gemeentes dien in stryd met die besluit van sinode 1988 vroulike diakens. Artikel 68 van die kerkorde berus op die beginsel dat die gemeente op die dag van die Here minstens in twee eredienste byeenkom. Die getal kerke wat die tweede diens afskaf, neem toe.

Kerke wat belowe om hulle daarop toe te lê om die kerkorde te onderhou en hulle belofte nie sorgvuldig nakom nie, speel met ja en nee. Hulle sê ja. In hulle openlike optrede doen hulle 'nee'. Hulle verag die woord van ons Verlosser: 'Laat julle woord wees: Ja ja, nee nee. Wat meer as dit is, is uit die Bose'.[25] Aantasting van Skrifgesag geskied nie slegs met woorde in beswaarskrifte, in publikasies en in byeenkomste nie. Die gesag van die Woord word ook met die daad in ons kerklike samelewing ondermyn, in kerkraadsbesluite en die uitvoering daarvan.

## Blaas met die basuin

Aantasting van Skrifgesag in ons midde ... Bewerings of feite? Dr Smit bly in sy kort weerwoord sê: bewerings. Hierdie oordeel sonder motivering oortuig nie. Hy vee net die bewyse, die harde feite, van sy tafel weg. Mag die inhoud van hierdie artikel elke leser, ook hom, daartoe bring om die bogenoemde en ander feite in die lig van die Skrif te oorweeg.

Skrifgesag en Skrifgeloof ... Die Woord is die fondament van die kerk.[26] Die Here beveel ons om op die fondament te bly. Die bevel geld sowel vir elkeen persoonlik as vir elke plaaslike kerk en vir die kerke in hulle samelewing. Bly op die fondament. Verdra geen afwyking van die Skrif nie. Laat nie toe dat iemand 'n ander fondament probeer lê nie. Hou in gedagte waarom koning Saul verwerp en Israel in ballingskap gevoer is. Haat wederstrewigheid en eiesinnigheid in eie hart, in die lewe van broeders en susters en in die kerklike lewe.

Eiesinnigheid lei tot die ondergang van hom of haar wat dié kwaad bedryf. Dit werk bowendien as 'n swaard waarmee die naaste aangeval word. Jerobeam het heel Israel na eiewillige godsdiens gelei. Hy het geestelike moord gepleeg deur God se volk te laat sondig. Dr de Klerk spog dat hy al omtrent 'n dosyn Dopperdominees agter hom het ...

God roep sy volk en elkeen van ons om op die fondament waaksaam te wees. Wagte moet by naderende gevaar met die basuin blaas.[27] Om dit te kan doen moet ons weet wat die Here wil, Skrifstudie doen, preke oordink, dophou wat in die kerke aangaan en dit voortdurend toets aan die Woord. Afdwaling moet uitgeken en geweer word, tot behoud van die kerke en die volk wat ons Heiland met sy bloed gekoop het.

---

[22] NGB, art. 29.
[23] KO, art. 86.
[24] KO, art. 31.
[25] Matt 5:37.
[26] Sien die artikel 'Bly op die fondament' in *Waarheid en dwaling* 5(7), Julie 1999:4-7.
[27] Es 3:16-21 en 33:1-7 geld vandag vir elkeen in sy en haar profetiese amp.

---

AKTUEEL

# DIE KATEGETE: WIE?

CJ Ketel, Potchefstroom

Reformasie is wesenlik te onderskei van rewolusie enersyds en restorasie andersyds. In teenstelling met rewolusie lê reformasie nadruk op die kontinuïteit van God se werke in die geskiedenis. Reformasie wil alles behou wat, gemeet aan die norm van God se wet, God se werk blyk te wees. Reformasie beoog egter nie - soos restorasie – bloot om alles te herstel wat histories ontstaan het nie. Net wat in ooreenstemming is met die Woord van God, en diensbaar is aan die deurwerking van die suiwer erkende beginsels van God se Woord, word oorgeneem.

## Reformasie en kategese

Ten opsigte van die kategese van die kerkjeug het die reformasie van 1500 tot ongeveer 1620 nie nodig gehad om nuwe instansies in die lewe te roep nie, maar kon die bestaande middeleeuse organe oorgeneem word. Die gesin, die skool en die kerk was ook daar vir die reformatoriese instansies, wat belas moes word met die godsdienstige of kategetiese onderrig van die jeug[1]. Dat hierdie eenheid in die geskiedenis van God se verbond in die onderwys gehandhaaf en bewaar is, toon dat die kerk - hoe klein ook al - deur sy genade steeds bewaar, beskerm en onderhou is. God doen sy beloftes gestand.

## Die gesin: roeping van die ouers

Wanneer ouers hulle pasgebore kinders in die samekoms van die gemeenskap van die heiliges laat doop, lê hulle in die openbaar die gelofte af dat hulle hulle kinders deur die loop van die jare sal onderrig en sal laat onderrig in die leer wat in hierdie christelike kerk geleer word. By die aflê van hierdie belofte stel die ouers hulle volledig verantwoordelik vir die onderwys van hulle kinders, ook al rus daar 'n bepaalde en duidelike en op Gods Woord gegronde verantwoordelikheid op die skool en die kerk ten aansien van hierdie onderwys. Laasgenoemde neem egter nooit en te nimmer weg nie dat die eerste en eie verantwoordelikheid vir die uitvoering van die onderwys by die ouers berus. Skool en kerk sal daarin moet saamwerk.

Dit is seker dat vrywel al die hervormers uit die tydperk van ongeveer 1500 tot die vroeë jare 1600 vas daarvan oortuig was dat God hierdie verantwoordelikheid op ouers geplaas het. Calvyn praat voortdurend van ouers ("parentes" in Latyn), en ook van die

---

[1] Van 't Veer, p. 50. Vertaling van dissertasie deur A Juyn. Potchefstroom, Maart 1999.

gesin ("familia"). Net so meen Luther en talle ander hervormers dat kategetiese onderwys in die gesin onder leiding van die ouers van groot belang is en deur God in sy Woord vereis word.

Tuis, in die gesin, moet ouers en kinders ordelik en gesamentlik les gee en leer uit een van die kategismusse wat deur die kerk vasgestel en aanvaar is. Juis daarvoor is die Heidelbergse Kategismus vasgestel. Ursinus en Olevianus het daaroor baie gedagtes gewissel met hulle keurvors Frederik die Wyse. Die Heidelberger is een van die meesterlike vorms wat God, die God van die verbond in Christus, in vorm en inhoud vasgestel het as belydenis van die kerk. En dit is ook daarom dat hierdie kategismus, hierdie leerboekie, deur die kerk aanvaar is as openbare belydenis van sy geloof. Dit verleen aan die lidmate duidelike, parate kennis vir hulle gemeenskaplike en persoonlike lewe. Omdat onderrig daarvan allereers 'n taak van en in die gesin is, word hierdeur 'n sterk onderlinge geloofsband gelê.

Dieselfde kan ook gesê word van Le Catechisme de Genève. Dit is wel waar dat hierdie kategismus ietwat meer die karakter het van 'n belydenis van leerstukke van die kerk in 'n enigsins dogmatiese vorm. Maar dit is eerder 'n uitvloeisel van die omstandighede waarin hierdie kategismus deur Calvyn opgestel is. Origens het hierdie Geneefse kategismus 'n groot invloed gehad op die samestellers van die Heidelberger. Hieruit blyk dat die God van die verbond in die leer vir ons en ons kinders 'n duidelike ooreenstemming gebring het, waardeur die kerk - waar dit ook al vergader word - dieselfde leer bely.

## Kategese deur die skool

Die verantwoordelikheid vir die opvoeding van hulle kinders berus by die ouers. Hulle het die verantwoordelikheid bevestig by die doop van hulle kinders.

Beteken dit nou dat die skool nie meer verantwoordelik is vir die opvoeding van God se kinders en hul onderrig in die inhoud van hulle geloof aan die kinders van God se verbond nie? Kan die skool en die kerk volstaan met die onderrig van 'n bietjie Bybelkennis en die kennis van die geskiedenis van die kerk en sy simbole, van 'n bietjie liturgie en sang en so meer?

Seer sekerlik nie! Ook skool en kerk het bepaalde take en verantwoordelikhede by die opvoeding en onderrig van die verbondskinders - die sogenaamde "dooponderrig". En ouers se plig is om nougeset toe te sien dat albei organe - skool en kerk - hulle take getrou uitvoer.

Die regte erkenning van die verbondsverhouding het in die gereformeerde kerke die enigste juiste fondament aanvaar met die instelling van tuis-kategese. Van hieruit word die pligte van die ouers nie versluier nie en die regte van kinders nie ingekort nie[2]. Dit het in die skool en kerk nie net gegaan om die kategese self nie, maar ook en eweseer om die karakter, die doelstelling en die metode van die kategetiese onderwys. Die onderwys moet dan sodanig wees dat die kinders van die verbond só ontwikkel en opgevoed word dat hulle in leer en lewe in die wêreld van toe en nou as lede van die verbond insig, 'n vaste vertroue, geloof en liefde jeens hulle naaste verwerf om hulle taak in die koninkryk van God te kan vervul, tot God se eer en tot nut en saligheid van hulle naaste, en dit solank hulle lewe.

Die reformatore uit die jare 1500 tot ongeveer 1650 het hiermee voor 'n uiters moeilike taak te staan gekom. Die onderwys van kinders is in die Middeleeue totaal verwaarloos; in baie gevalle het dit verdwyn of is dit opsetlik weerstaan. Die manier waarop hierdie kinder-onderwys oorspronklik aangebied is, het totaal onbekend geraak. Daarom moes die skool en die universiteit se godsdiensonderrig feitlik weer van die grond af nuut gevorm en opgebou word.

Dit het nie net vir die skool gegeld nie, maar minstens ewe veel vir die godsdiensonderrig deur die kerk, in die bediening en deur die onderrig in God se Woord. Om die onderrig van kinders van gereformeerde ouers ooreenkomstig God se Woord moontlik te maak, moes nie alleen die "gereformeerde skool" gestig word nie, maar eweneens moes die universitêre onderwys volkome verander word. Inderdaad moes 'n totaal nuwe, nie net "vernieude", skool en universiteit en kerk gestig en in stand gehou word nie, maar daarby kom nog dat "kerk" en "owerheid" toe juis op die gebied van godsdiensonderrig so sterk en strak verstrengeld was dat 'n nuwe ontwikkeling slegs moontlik was in samewerking met die owerhede. En daartoe was die owerhede lank nie altyd bereid nie. Eerder fel daarteen.

Omdat dit nie die bedoeling met hierdie artikel is om hom te verdiep in die geskiedenis van die gereformeerde onderwys en godsdiensonderrig nie, word die aandag slegs gevestig op die organe van die gereformeerde eksegese waardeur die ouers hul steun moes verleen en steeds moet verleen aan die korrekte en bekwame uitvoering van die skriftuurlike tuisonderrig.

Calvyn beskryf die opset en bedoeling van hierdie onderrig soos volg: Wanneer die kinders tot hulle verstand gekom het - waarmee bedoel word sewe jaar oud - behoort hulle opgevoed te word in die waaragtige kennis om God hul Skepper en Here hulle hele lewe lank te eer en te dien.

Hoe hierdie Goddelike opdrag uitgevoer moet word, is duidelik en baie verstaanbaar in die kategismus self omskryf. Die kategismus is die ruggraat van die gereformeerde onderwys. Daarin word die weg om God te leer ken op 'n helder wyse aangedui. Die kategismus verklaar hoe die mens tot alle gelowige werk bekwaam word en rus hom toe om God sy lewe lank te dien.

Om tot sulke opvoeding te kan kom, moet die jong kinders die taal leer lees, skryf en begryp waarin die Bybel en die geloofsbelydenis vertaal is - die taal van hulle land. Ouers en skool moet in hierdie godsdiensonderrig saamwerk. Die reformasie wil die skool geheel en al diensbaar maak aan die verbreiding van die suiwer evangelie. Die feit dat die ouers direk betrokke was by die reformatoriese kategese aan hulle kinders, het 'n enorme verbreding van die insig in God se Woord ten opsigte van die hele lewe meegebring. Eeue lank het hierdie beskouing oor die hele lewe verduister geraak en verdwyn. Dit is die groot genade van die Skepper van hemel en aarde dat Hy die weg daarheen weer geopen het. Die mens - dus ook die kind - wat so die weë van die koninkryk van God leer ken, en die weë dan ook volg, behoort aan die geseëndes wat eenmaal die koninkryk sal beërwe. Ja, die wat in werklikheid reeds nou die weg gaan. Daarin kom die eenheid duidelik tussen leer en lewe na vore. 'n Lewe sonder leer is nie meer 'n ware lewe nie. Net so is die leer sonder lewe nutteloos.

## Sangonderrig

Dit is ook die skool se taak om kinders te leer sing. Die onderwyser is in sy funksie as dosent tewens *lector cantorum*. Hy leer die kinders sing en tegelykertyd leer hulle die Psalms ken. Uitdruklik word telkens weer gesê: die Psalms. Hulle is as 'n selfstandige eenheid in die kanon van die Skrif opgeneem, en geen ander liedere nie, al lyk hulle hoe vroom en opreg. Ook nie 'n berymde onderdeel van Bybeltekste of Bybelperikope nie. In die Psalms kom die lyn van God se verbond ten opsigte van dit wat deur en in die Seun van God aan die gelowige geskenk is, op meesterlike wyse tot openbaring en tot lering. In die ou kerkordes vind 'n mens weinig bespreking hieroor. Hierdie reël is algemeen as vanselfsprekend aanvaar.

Die leer en sing van die Psalms is 'n vaste onderdeel van die dagrooster van die skool. Op elke skooldag sing die kinders Psalms by die opening en afsluiting van die lesse. En wel die Psalms wat in die betrokke weeklikse kategismus-Sondag vermeld word - Psalms wat deur die samestellers van die kategismus daarvoor aangegee is en deur die kerk aanvaar is.

[2] Van 't Veer, p. 82.

## Kategese deur die kerk

Een feit van groot betekenis was dat die reformasie die kerk weer verplig het tot formele kategetiese onderrig. In die bediening van die Woord, in die verkondiging van die evangelie van Christus, sal die leer van sy koninkryk ook altyd verkondig word. By hierdie leer hoort ook die kategetiese onderrig waarin geopenbaar word dat ons God met ons hele hart, met ons hele siel en met ons hele verstand moet dien[3].

Die gedagte dat 'n "toepassing" aan die einde van die preek aan die kerkganger gegee moet word, verstaan nie die bedoeling van die verkondiging van God se Woord nie. Die bediening van die Woord leer van die begin tot die einde van die preek hoe die gelowige sy lewe diensbaar moet maak in God se koninkryk.

Al die reformatore het ingesien dat "leer en lewe" en "lewe en leer" altyd as eenheid in die preek verkondig moet word. Dit was veral Calvyn wat met groot nadruk daarop gewys het dat die prediking van "leer en lewe" volgens 'n nougesette orde, tot eer van God en tot nut en saligheid van die mens moet geskied.

God die Skepper van hemel en aarde, het alles in 'n volkome orde en reël geskape en hou die hele lewe deur dieselfde orde in stand. Daarom kan die mens wat deur Hom geskape is, nie sommer slordig en na eie goeddunke onstelselmatig met die verkondiging van God se Woord omgaan nie. Daar moet 'n vaste lyn gevolg word, waardeur die lidmate in nadenke en oorweging van die preek 'n houvas en insig kry in die bedoeling van die Heilige Gees ten aansien van die werke van Christus. Dit geld vir die verkondiging van God se Woord uit die Bybel sowel as vir 'n preek oor 'n Sondag uit die kategismus. Albei is tog bediening van dieselfde Woord?!

In die tyd van die reformasie is steeds weer hieraan die nodige aandag geskenk. Luther en Calvyn het albei in hul prediking streng gehou by 'n "aaneengeslote preekbehandeling" van die afsonderlike boeke van die Bybel. Elke lidmaat kon vooruit weet watter Bybelgedeelte behandel sou word. Dit was van groot betekenis vir die verwerwing van kennis en insig in God se Woord deur die gemeente.

Die orde waarvolgens die bediening van God se Woord tydens die oggenddiens moet geskied, het eweseer gegeld vir die "behandeling" van die kategismus tydens die middagdiens. Die prediking uit 'n Bybelboek was altwee wel bediening van God se Woord en verklaring van die kategismus-sondag wat aan die beurt gekom het. In albei hierdie dienste moes - en moet - die Woord van God en die simbole van die kerk volgens vaste orde en reël verklaar en geleer word. Op hierdie manier word die hele gemeente - ook die kinders - onderrig.

## Huis-kerk-skool

So word die kinders van die gemeente van die HERE opgevoed en opgelei deur gesin en skool en kerk om tot openbare belydenis van hulle geloof te kom. Daarmee verwerf hulle deelname aan die nagmaal. Sou daarmee 'n einde gekom het aan verdere studie en die verwerwing van insig in God se Woord vir die gemeente as geheel? 'n Vraag as antwoord: Hoe lank neem dit jou om die eerste vraag en antwoord van die kategismus te leer? Antwoord op die vraag: My hele lewe lank (aanhaling van Bremmer).

### *Geraadpleegde bronne*


Bremmer, RH (red): *De Heidelbergse Catechismus met Schriftbewijs. Met overzetting van de oorspronkelijke voorrede van de Catechismus in het Nederlands door mevrouw J Ketel-van der Meulen.* Barneveld: Vuurbaak, 1986.

Coenen, Lothar e.a. *Handbuch zum Heidelberger Katechismus.* Neukirchener Verlag, 1963.

Doekes, L. *Credo: handboek voor de gereformeerde symboliek.* Amsterdam: Ton Bolland, 1975.

Gooszen, NA. *De Heidelbergsche Catechismus: textus receptus met toelichtende teksten.* Leiden: EJ Brill, 1980.

*Kerkelijk Handboekje: uitgave door de synode der Afgescheiden Gereformeerde Gemeente gehouden te Amsterdam Anno MDCCCXL.* Amsterdam: N Obbes, 1841.

Kohlbrugge, HF: *Vragen en antwoorden tot opheldering en bevestiging van den Heidelbergschen Catechismus.* Amsterdam, 1930.

Niesel, W. *Bekenntnisschriften und Kirchenordnungen der nach Gottes Wort reformierten Kirche.* Zollikon: Evangelischer Verlag, 1938.

Rutgers, FL. *Acta van de Nederlandse synoden der 16e eeuw.* Utrecht, 1889.

Van 't Veer, MB. *Catechese en catechetische stof bij Calvijn.* Kampen: Kok, 1942.


[3] Matt 22:37-40.

**Redaksionele nota**

Die vervolg van die artikel 'Gesag in die krisis (I)' wat in die Augustus-nommer gepubliseer is, sal DV in die uitgawe van Oktober verskyn.


**FOLMER BOEKHANDEL**

Posbus 11607, Queenswood 0121
Tel +27 12 3290031, Faks +27 12 3295927
E-mail: rvdk@smartnet.co.za

**SOLA SCRIPTURA**
**Dr C van der Waal**
**IN AFRIKAANS**

**Deel 2 het nou verskyn!**
(Rigters - Hooglied)

*Sola Scriptura* is 'n gids vir Bybelstudie wat veral die groot *heilshistoriese lyne* en die *eenheid van die Bybel* beklemtoon. Dit is nie 'n teks-vir-teksverklaring nie, maar 'n hulp om die Woord van die HERE beter te kan verstaan.
*Sola Scriptura* is uitstekend geskik vir persoonlike studie, maar kan ook goed op Bybelstudieverenigings gebruik word, veral omdat aan die einde van elke hoofstuk vrae opgeneem is, wat groepsbespreking vergemaklik.

# ENKELE GEDAGTES OOR ORGAANOORPLANTING

Dr JM Boon, Pretoria

**Orgaanoorplantings het die afgelope dekades geweldig toegeneem. Verskeie tegnologiese ontwikkelings het hierdie operasies vir steeds meer mense moontlik gemaak. Behalwe die vraag na die tegnologiese moontlikheid, is dit ook belangrik om die vraag na die etiese grond vir orgaanoorplantings te vra. Kan ons as christene die oorplanting van organe vanuit die Skrif regverdig? Is dit versoenbaar met ons taak as profete, priesters en konings?**

Die oorplanting van organe of weefsel kan geskied van een liggaam na die ander byvoorbeeld 'n nier van een pasiënt word oorgeplant na 'n ander pasiënt. Organe kan ook van een plek na 'n ander plek op dieselfde liggaam oorgeplant word. Byvoorbeeld kan vel oorgeplant word van die been na die arm by pasiënte met brandwonde.

Tydens orgaanoorplantings is daar sprake van donors en ontvangers. Die donor skenk die orgaan terwyl die ontvanger die orgaan ontvang.

In 1933 het 'n Russiese chirurg die eerste nieroorplanting gedoen. Die pasiënt is egter vinnig na die operasie oorlede. Die tegniese aspekte van die operasie was teen 1954 grotendeels opgelos nadat 'n geslaagde nieroorplanting in hierdie jaar in Boston op 'n identiese tweeling gedoen is. Die grootste probleem is egter die verwerping van organe deurdat antiliggame teen die orgaan gemaak word.

In die laaste 15 jaar het meer en meer oorplantings moontlik geword met beter resultate. Veral beter tegnieke om weefsel te tipeer, middels om verwerping te verhoed, beter tegnieke om organe te preserveer asook chirurgiese ervaring het hiertoe aanleiding gegee.

Die volgende organe kan oorgeplant word: hart, lewer, niere, pankreas, longe, kornea (horingvlies van die oog), vel, been, hartkleppe en die beenmurg. Veral hart-, nier-, horingvlies-, vel- en beenoorplantings is deesdae algemeen.

Omdat daar 'n geweldige gebrek aan organe is, en baie pasiënte lê en wag op 'n geskikte donororgaan, word baie navorsingswerk verrig om weefsel en organe makliker beskikbaar te maak. Sodoende kan meer pasiënte baat vind by die voordele van orgaanoorplantings. Onder andere word die inligting van donororgane en weefsel elektronies wêreldwyd beskikbaar gestel sodat 'n geskikte ontvanger op die waglys 'n geskikte donororgaan so gou moontlik kan kry. Sodoende kan byvoorbeeld 'n donorhart in Amerika binne 'n kort tyd na 'n geskikte ontvanger in byvoorbeeld Europa gevlieg word, vir oorplanting.

Daar is ook organe en weefsel wat nie dadelik oorgeplant hoef te word nie byvoorbeeld been, vel, horingvlies en hartkleppe. Hierdie organe en weefsel word dan in banke bewaar waar dit dan later onttrek kan word vir moontlike oorplanting. Deesdae is daar ook spermbanke waar kinderlose egpare as gevolg van 'n mediese probleem by die man, sperms kan haal om hul onvrugbaarheidsprobleem aan te spreek.

Die kloning van diere soos onder andere die skaap Dolly wat onlangs in die nuus was, word ook grotendeels deur maatskappye gefinansier met die oog op die moontlike kloning van organe en weefsel vir die oorplantingsmark. Daar is soveel pasiënte wat wag vir orgaanoorplantings, meer as wat die "donormark" kan voorsien. Daarom word baie geld belê in navorsing oor kloning.

Die vraag is in hoeverre ons as christene met die ontwikkelinge ten opsigte van orgaanoorplantings kan saamgaan? Dit is duidelik dat orgaanoorplantings ook verskeie uitwasse tot gevolg het byvoorbeeld spermbanke en die moontlike kloning van organe vanaf mensembrios (selle uit die kiemlae van die jong menslike embrio kan moontlik gekloon word om sekere organe in die laboratorium te laat "groei" vir latere oorplanting). Die vraag is of ons nie te veel van die idee uitgaan dat die mens 'n masjien is waarvan onklaar onderdele vervang kan word nie? Is daar organe wat ons beslis nie mag oorplant nie? Moet die menslike liggaam nie in sy geheel begrawe word nie?

## Gods Woord as vertrekpunt

As christene wil ons die Bybel as vertrekpunt neem om hierdie vrae te beantwoord.

In die Bybel tref ons nie direkte antwoorde oor orgaanoorplanting aan nie. Wel het ons genoeg riglyne uit die Skrif om 'n antwoord te kan gee. Die Bybel leer ons dat ons met eerbied moet omgaan met die lewe van mense. Die lewe van mense het egter nie absolute eerbied nie, maar die Skepper en Onderhouder van die lewe kom die absolute eerbied toe. Selfbeskikkingsreg oor die lewe van mense is 'n gedagte wat vreemd aan die Bybel is. Ons is rentmeesters van ons en ons naaste se lewe, nie heersers en meesters nie. God het die mens as kroon van sy skepping geskape, 'n eenheid van liggaam en gees. Elke mens is uniek geskape of dit nou sy breinselle, geslagselle en organe soos die lewer en niere is.

Ons liggame is tempels van die Heilige Gees (I Kor 6:19) en is geroep tot tempeldiens. Dit is priesterdiens voor God en ons naaste. Ons word opgeroep tot liefdediens teenoor ons naaste (HK, antw 55).

Indien iemand sy organe sou skenk kan dit wel as priesterdiens beskou word. As die tempeldiens vir ons hier op aarde voltooi is kan ons met die skenking van organe bydra tot die tempeldiens van ons naaste. Dit is inderdaad so dat die skenking van bv. 'n nier aan iemand wat in nierversaking is hierdie persoon baie sal help. Die volgende is 'n voorbeeld: Na die skenk van 'n nier van persoon A (wat gesterf het) aan persoon B, is persoon B nou in staat om weer sy werk te doen, hy kan sy roeping as pa in die gesin beter vervul, en hy gaan makliker kerk toe. By die voltooïng van die ampsdiens van persoon A op aarde, kan persoon B sy ampsdiens wat hy egter ook met sy siek niere op sy siekbed gehad het, tot 'n groter mate ná die orgaanoorplanting uitvoer.

Ons moet egter waak om orgaanskenking in alle gevalle as konkrete naastediens te beskou. Die motief waarmee orgaanskenking gedoen word kan baie goddeloos wees. Die tegniek het vandag in die geneeskunde amper oorheersend geword. Alle oplossings word daarvan verwag. Op alle moontlike maniere word gepoog om die lyding uit die wêreld te verwyder. Dit is egter belangrik om te onthou dat alhoewel dit belangrik is om lyding te verlig, dit moet kan instem met die gebooie van die HERE.

Orgaanoorplanting word dikwels vandag in 'n sfeer van humanitêre propaganda geplaas. In die sfeer van goedwillige humaniteit word mense opgeroep om hul organe te skenk. Baie christelike etici roep mense op om hul organe te skenk om hierdie rede. So sal baie lyding uit die wêreld verwyder word. Hierdie propaganda is dikwels eensydig gerig op die liggaamlike bestaan en gegrond in 'n

materialistiese wêreldbeskouing. Is dit so dat ons met die afstaan van organe die geluk van die ander werklik kan bevorder, of sy of haar lewe kan red in die volle sin van die woord? Dit is iets wat slegs ons Here Jesus Christus kan gee. Ons moet nie aan orgaanskenking die betekenis van 'n goeie daad by die dood gee nie. Ons strewe na lewensverlenging van die liggaamlike lewe as hoogste waarde, is nie christelik nie. Orgaanskenking binne die milieu van die vertegniseerde en materialistiese wêreldbeeld is 'n strewe wat nie met God en die roeping van die mens rekening hou nie, en is daarom goddeloos. Die onverenigbaarheid van oorgeplante organe en verwerping van hierdie organe wat dikwels voorkom, dui vir ons aan dat hierdie medies-tegniese beeld van die mens ook biologies net gedeeltelik waar is.

Dit beteken nie dat orgaanoorplanting nie christelik is nie. Die motiewe agter hierdie tegniese operasie is bepalend. Iemand wat in 'n lewensgevaarlike situasie wel 'n orgaan sou wou ontvang, sou egoïsties optree as hy dan nie ook 'n orgaan wil afstaan nie.

As priesters mag ons agter Christus aan soek na die herstel van ons naaste. Hierdie soeke is egter gebonde aan Christus en sy Woord. (Dit maak spermbanke en die kloon van menslike embrionale weefsel byvoorbeeld ongeoorloof).

Christus leer ons dat Hy die opstanding en die lewe is. (Joh 11:25) Of ons dan lewe en of ons dan sterwe, ons behoort aan die Here (Rom 14:8). Die lewe in Christus word nie deur die dood tot niet gemaak nie. Dit gee onmiddellik rus in 'n oorspanne strewe om die lewe te verleng. Die Skrif leer ons dat die liggaam van die oorledene nie sonder waarde is nie, maar met sorgvuldigheid behandel moet word. As ons egter die liggaam na die sterwe open om organe ten dienste van die naaste te stel is dit nie dieselfde as skending van die liggaam nie. Nadat organe verwyder is vir oorplanting kan die liggaam op die normale manier begrawe word.

Die mensbeeld van die moderne geneeskunde, naamlik dat die organe as vervangbare onderdeel gesien word, is in teenstelling met die Bybelse verstaan van die mens waarin die ampsdiens van die mens wesenlik met die liggaamlike bestaan verbind word. As ons dus 'n orgaan skenk, doen ons dit nie met die idee om iemand se lewe te red nie, maar om by ons voltooide ampsdiens die ampsdiens vir 'n ander meer uitvoerbaar te maak in sy siekte.

---

## PERSSKOU

**Ds GJ Meijer,** Wonderboompoort

# Oop gesprek gevra

**In die *Algemene Kerkbode* van 13 en 14 Augustus 1999 skryf Gideon Joubert, outeur van *Die Groot Gedagte* - wenboek van die Andrew Murrayprys in 1998, onder die opskrif *Moedig oop gesprek aan* oor die Ruda Landman-kwessie, waarna tevore ook al in hierdie persskou verwys is.**

Enkele uittreksels uit die artikel:

*Daar is twee soorte gelowiges. Dié wat die Bybel letterlik aanvaar en 'kinderlik' glo. Hulle is begenadig. Maar al meer en meer mense vind dit moeilik om só te glo. Hulle is van die tweede groep. Hulle het tot die oortuiging gekom dat die Bybel betekenisvolle simboliese nuanses het wat nie met die eerste oogopslag opval nie.*

*Ons het almal kinderlik-gelowig begin. As kind was die paradysverhaal vir my wonderlik, en so ook die beskrywings van Noag met al sy diere (die leeus, die jakkalse, skape en bokke, tot die vlooie en vlieë, almal saam in die skippie). En Jona en sy vis met die groot bek sonder tande. Maar soos ons, van die tweede groep, ouer (en wyser?) geword het, het ons met groter kennis nuwe perspektiewe in die ou-ou waarhede gesoek. Ons het agtergekom dat daar betekenislae in die Bybelverhale is.*

*Ons, van die tweede groep, is geen agnostici of mense wat die Bybel se ewige waarhede verwerp nie. Ons probeer maar om gehoorsaam te wees aan Jesus se opdrag dat ons volhardend móét bly soek. (Matt. 7:7).*

*Ons moenie ons blind staar aan die wonderlike stories en die boodskap skoon miskyk nie.*

*Min mense is geseën met 'n wonderlike, kinderlike geloof. Maar ek (geen akademiese teoloog, selfs geen akademikus of teoloog nie), en baie soos ek, soekende gelowiges, het probleme met die letterlike vertolking van sommige van die Ou Testamentiese verhale.*

*So is dit vir my duidelik dat die paradysverhaal nie 'n letterlike beskrywing kan wees nie. God het tog nie letterlik hande waarmee Hy Adam uit die atome van die aarde na sy ewebeeld geformeer het nie.*

*In ons tyd van meerdere kennis is daar baie gelowiges (waaronder Ruda Landman) wat ander perspektiewe in die Bybel soek, dimensies wat ons nog net gedeeltelik begryp, of glad nie begryp nie.*

*Daar is baie vrae, en alte dikwels word opregte vraestellers ontmoedig, gekritiseer, of verwyt. Dit het dringend tyd geword dat die kerk 'n oop gesprek aanmoedig, dat verskillende standpunte (sonder beskuldigings en verwyte) gestel en aangehoor word. Ons moet met nuwe oë na die Boek met sy ewige waarhede kyk. Ons moet oop koppe hê. Ons moet om wysheid en insig bid.*

Verskeie uitlatings van Joubert laat 'n mens kopkrap:

- Hy stel een groep (kinderlik-gelowiges) teenoor 'n ander groep (ouer, moontlik wyser gelowiges). Aan die een kant noem hy die kinderlik gelowiges begenadigde mense, gelukkig en geseënd omdat hulle so 'n wonderlike, kinderlike geloof het. Aan die ander kant bepleit hy diepere navorsing in die Bybel, wat lei tot onderskeiding van die werklike boodskap agter die "wonderlike stories". Wat moet 'n mens nou wees: kinderlik gelowig of volwasse gelowig?
- God se wonderwerke in die lewe van Noag en Jona word ooglopend verkleineer. Van wanneer af is die ark 'n "skippie" wat tót vlooie en vlieë gehuisves het? En wie sal praat oor Jona se "vis met die groot bek sonder tande"? Dit klink al te veel na ondermynende kinderbybelstories. Eerbiedige luister na die feite in Genesis 6 tot 8 en Jona 1 tot 3 laat 'n mens vol ontsag verwonderd staan voor God se groot werke.
- Hoe word dit "duidelik" dat die paradysverhaal nie 'n letterlike beskrywing kan wees nie? Wie oordeel daaroor? En as die paradysverhaal onmoontlik feitlik korrek kan wees - wat van al die ander historiese gegewens in die Skrif?
- Hoe verskil die "nuwe oë" waarmee na die Bybel gekyk word van die "ou oë" waarmee die vorige geslagte Gods Woord bestudeer het? Staan die kerk van Christus van alle eeue dan nie op een en dieselfde fondament nie?

Slotsom: ruimte vir gesprek moet seer seker altyd oopgelaat word. Die vraag is: gesprek waaroor? En hoe? Op watter basis? Volgens watter norme? Kan 'n mens 'n oop gesprek aanvra oor sake wat in ons belydenis reeds eeue lank vasgelê is?

# Oop gesprek aangemoedig

**In dieselfde *Algemene Kerkbode* van 13 en 14 Augustus 1999 verskyn 'n redaksionele artikel wat 'n stap verder gaan as Joubert. Weereens word slegs enkele snitte uit dié artikel aangehaal:**

*Die menings wat Joubert en Landman en andere oor die Bybel en die verstaan van die Bybel uitspreek, klink vir sommige medegelowiges erg problematies en daar kan selfs diegene wees wat hulle uit die tempel wil uitwerp. Dit sou egter, om die minste te sê, onverstandig - en onbarmhartig! - wees. Hier is mense wat hulle geloof ernstig opvat, wat die Bybel ernstig opvat, en wat van die kerkleiding vra hoe om bepaalde wetenskaplike insigte waartoe die moderne mens gekom het, met Skrifgedeeltes te rym wat - so meen hulle - nie letterlik verstaan kan word nie.*

*As mnr Joubert 'n 'oop gesprek' in kerklike kringe hieroor aanvra, en me Landman kerklike leiding soek oor die vrae in verband met die Bybel wat haar pla, moet dit verwelkom word. Die kerk moet 'n openhartige gesprek oor hierdie sake aanmoedig en eerlike antwoorde op eerlike vrae gee. Op stuk van sake is alle vrae natuurlik nie kort en klaar te beantwoord nie - dit sal die kerk moet erken - en daar is vrae wat tot by die wederkomsdag onbeantwoord sal moet bly - dit sal die Jouberts en die Landmans moet aanvaar.*

*Die Heilige Gees het die kerk deur die eeue gelei om die Bybel as die volledige en gesagvolle Woord van God te aanvaar. Die Heilige Gees lei elke geslag om die Woord vir hulle tyd nuut en vars te verstaan. In bepaalde opsigte sal ons die Woord daarom teen die einde van die tweede millennium nC ánders verstaan as gelowiges 'n duisend jaar gelede. Dit doen egter nie afbreuk aan die feit dat God die weg van sy Woord gekies het om met gelowiges én ongelowiges van alle tye en geslagte te praat nie.*

Joubert vra vir 'n oop gesprek tussen "kinderlike" gelowiges en "volwasse" gelowiges. Tussen "letterlike glo van die Bybel" en "dit is onmoontlik om die skeppingsverhaal (en ander dele waaroor 'n mens met jou nugter verstand besluit) letterlik op te vat". Oop gesprek: Met die oog waarop? Dat die een die ander oortuig? Of dat daar 'n kompromie tussen beide kom? Dit is moeilik om 'n antwoord op hierdie vraag te vind.

Intussen bevorder die redaksie van die *Algemene Kerkbode* sodanige "oop gesprek". Dit word aangemoedig. Vrae wat in die katkisasieklas gevra (behoort) te word, sake waaroor elke gereformeerde belydende lidmaat absolute sekerheid behoort te hê, word op die tafel geplaas en van vooraf bestudeer - asof daar geen vastigheid is nie. Weereens: met die oog waarop? Wat moet ons as uiteinde verwag? Indien dit wel so blyk te wees dat daar in die belydenisskrifte iets onskriftuurliks is, is daar immers 'n ordelike kerklike weg om te bewandel! Maar van hierdie soort "oop gesprek" kan nie veel goeds verwag word nie.
Die tyd sal leer.

# Geloofsvervolging

**In *Una Sancta*, die blad van die Vrye Gereformeerde Kerke van Australië, skryf C. Bouwman (vertaal weergegee) soos volg oor die werklikheid van geloofsvervolging in China:**

Op 22 Januarie 1999 is 'n Australiese sendeling vermoor. Graham Staines en sy twee seuns is deur fanatieke Hindoes verbrand, terwyl hulle in hul voertuig gelê en slaap het.

Bouwman koppel dié afgryslike gebeure aan die kerke in Australië:

*Dit lyk vir my dat ons 'n afstand plaas tussen onsself en die konsep van vervolging. Ons leef in vrede in ons land. Ons verwag beslis nie dat iemand anders ons sal leed aandoen vanweë ons geloof nie. Ons lees van vervolging, drink 'n slukkie koffie, en blaai om na die volgende bladsy ...*

*Ek wonder of dit verstandig is. Vervolging is nie alleen deel van Afrika, Rusland of China nie. Soos wat ons land (Australië) meer en meer hulle rug op God keer, kan ons alleen maar Satan se vurige haat teen die kerk van Christus in die vorm van openlike verdrukking verwag. Daar is geen waarborg dat ons geen vervolging in ons leeftyd gaan hê nie.*

Vervolgens gee Bouwman 'n kort uittreksel uit die *China Church and News Report*, waaruit blyk hoe gelowiges van die ondergrondse kerk in China hulle geloof en ook vervolging ter wille van hulle geloof beleef:

*Ons houding ten opsigte van die regering*

- *Ons het God lief; ons het ook die Chinese volk lief; ons ondersteun die eenheid van die nasie en die eenheid van die volke in China.*
- *Ons ondersteun die grondwet van die Volksrepubliek van Chrina; ons ondersteun ook die leiers en die regering van die volk wat deur God ingestel is.*
- *Ook al word ons dikwels misverstaan en vervolg deur die regering, openbaar ons geen reaksionêre houding nie, en word ons nie deur reaksionêre optredes op sleeptou geneem nie.*
- *Ons het nog nooit die belange van die Chinese volk geloën nie; ons doen slegs wat in belang van die volk is.*

*Ons houding ten opsigte van vervolging*

- *Huisgemeentes word nie vervolg weens politieke of morele kwessies nie, maar alleenlik omdat hulle weier om te registreer by die regering en in te skakel by die "Three-self Patriotic Movement", die offisiële kerk wat deur die regering goedgekeur en bevorder word.*
- *Wanneer huisgemeentes vervolg word, haat hulle nie die regering nie. Hulle aanvaar die beproewing omdat die Here dit so toelaat. Hulle verduur vervolging in stilte. Hulle doen voorbidding vir die regering.*
- *Wanneer voorgangers en evangeliste van die huisgemeentes vervolg, beboet, ondervra en na kampe vir dwangarbeid gestuur word, kla hulle nie. Hulle het steeds hulle land en regering lief, terwyl hulle vir God wag dat Hy sy genade gee.*

Bouwman sluit sy artikel soos volg af:

*Sal ons, as ons vervolging in die gesig moet staar, die nodige geloofskrag hê om - soos die broeders in China - ons geloof te bely: in woord én in daad? Ons mag vertrou dat die Here die krag sal gee wat ons nodig sal hê. Daar is dus geen rede om te vrees vir die toekoms nie. Inteendeel, laat ons ons gebede vermenigvuldig vir hulle wat ter wille van hulle geloof vervolg word. En ook vir hulle aan wie God 'n gesagsposisie in sy wêreld toevertrou het.*

In Suid-Afrika voeg ons ons gebede by dié van ons Chinese en Australiese broeders en susters. En ons besef dat elke woord wat vir die gemeentes in Australië geld, van toepassing is op ons in Suid-Afrika.